



SERVICE. RANGE. COUNTRYWIDE.

<b>CONTENTS</b>	<b>Page</b>	<b>INHOUD</b>	<b>Bladsy</b>
Supervisory Committee's report	1 – 2	Verslag van die Toesighoudende Komitee	1 – 2
Chairman's report	3 – 4	Verslag van die Voorsitter	3 – 4
Chief Executive Officer's report	5 – 13	Verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte	5 – 13
Auditors' report	14	Ouditeursverslag	14
Directors' report	15 – 20	Direkteursverslag	15 – 20
Balance Sheets	21	Balansstate	21
Income Statements	22	Inkomstestate	22
Statements of changes in equity	23	State van verandering in ekwiteit	23
Cash Flow Statements	24 – 25	Kontantvloeiestate	24 – 25
Notes to the Annual Financial Statements	26 – 42	Aantekeninge tot die finansiële state	26 – 42

for the year ended 31 July 2003

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

On 27 June 2003 Mr Ryno van der Merwe, one of the three SC members, appeared at the opening of the new Agra/Standard Bank auction ring at the Windhoek Showgrounds. Members can really be proud of this impressive improvement. It is a showpiece for our country, but is foremost visible proof of Agra's confidence in our country's future. Apart from this highlight, the year under review will be remembered for numerous other reasons, such as the countrywide drought, uncertainty regarding land reform and small stock marketing, problems in the ostrich industry and disappointments for karakul farmers. For cattle farmers the foreign exchange rate resulted in less disposable income and agriculturists had a disappointing harvest as a result of the drought.

All of this had a significant impact on AGRA and this is clearly reflected in the performance, which was below expectations. Furthermore, continued hitches in information technology as well as the more centralised retail purchases did not make it any easier, at branch level, for staff or members. Some members are also questioning the feasibility of controlling smaller branches, at a central level, as far as purchases are concerned and whether the overhead cost component of the countrywide computer system can be serviced through the turnover of smaller branches.

In Agra's competitive environment, the year will also be remembered for the courageous decision of the directors to investigate branches that do not succeed, for whatever reason, and caused losses for AGRA over the years. This can no longer be justified.

There must, however, also be appreciation for the directors' and management's planning in this regard, namely to strive for total transparency and communication with members. As a result of this a satisfactory solution can be obtained, on an ad hoc basis, for every affected branch. The SC urgently appeals to members to give their co-operation in this regard in a purposeful manner.

The SC once again realised during the year under review the complexity of choices that have to be made by the directors. It is meaningful to ensure that stock levels remain low; that the rate of turnover increases; that suppliers be reduced; that debtors be limited to the minimum and be centrally controlled. This must, however, all be done without losing clients. It is especially critical that the availability of farming production means and effective marketing do not suffer as a result.

Agra's debtors are high. At a stage when it was mainly livestock debtors, it was already high. Now retail debtors are also high and it is a clear indication of red lights in the agricultural business. Stock losses are also very high; especially if it is kept in mind that it is one of the criteria of effectiveness and performance.

Op 27 Junie vanjaar het Mnr. Ryno van der Merwe, een van die drie TK lede, opgetree tydens die opening van die nuwe Agra/Standard Bank veilingsring op die Windhoek Skouterrein. Lede kan met reg trots wees op hierdie indrukwekkende verbetering. Dit is vir ons land 'n vertoonvenster, maar dit is veral ook 'n sigbare bewys van Agra se vertroue in ons land se toekoms. Behalwe vir hierdie hoogtepunt sal die jaar onder oorsig waarskynlik onthou word vir verskeie ander redes, waaronder die landswyse droogte, onsekerhede ten opsigte van grondhervorming en kleinvee-bemaking, probleme in die volstruisbedryf en teleurstellings vir karakoelboere. Vir beesboere het die wisselkoers 'n vermindering van besteebare inkomste tot gevolg gehad en akkerbouers het swak oeste gehad as gevolg van die droogte.

Dit het alles tot 'n groot mate 'n invloed gehad op AGRA en dit reflekteer duidelik in die prestasie wat nie heeltemaal aan die verwagting voldoen het nie. Daarbenewens het voortgesette haakplekke in die hantering van die inligtingstegnologie opset, sowel as die meer gesentraliseerde handelaankope dit nie op takvlak makliker gemaak vir personeel of lede nie. By sommige lede is daar ook vrae oor die wenslikheid om kleiner takke sentraal te beheer ten opsigte van aankope en of die oorhoofse kostekomponent van die landswyse rekenaarstelsel deur die omset van kleiner takke gediens kan word.

In die kompeterende omgewing waarin AGRA bestaan, sal die jaar ook onthou word vir 'n moedige besluit van die direksie, naamlik om indringend te kyk na takke wat om een of ander rede nie die mas opkom nie en dus 'n konstante verlies vir AGRA oor die jare beteken het. Dit kan nie langer geregverdig word nie.

Daar moet ook waardering wees vir die direksie en bestuur se beplanning in bogenoemde verband, naamlik om totale deursigtigheid en kommunikasie met lede na te streef. Dit kan daartoe lei dat 'n bevredigende oplossing op 'n ad hoc basis vir elke sodanige tak verkry kan word. Die TK doen 'n dringende beroep op lede om doelgerig in dié verband hul volle samewerking te gee.

Gedurende die jaar het die TK opnuut tot die besef gekom van die kompleksiteit van keuses wat deur die direksie gemaak moet word. Dit is byvoorbeeld sinvol om toe te sien dat voorraadvlakke laag bly; omsetsnelheid verhoog word; dat verskaffers verminder word; dat debiteure tot die minimum beperk word en sentraal beheer word. Dit moet egter alles geskied sonder om kliënte te verloor. Dit is veral krities dat die beskikbaarheid van boerdery-produksiemiddele en doeltreffende bemaking nie daaronder ly nie.

AGRA se debiteure is hoog. Op 'n stadium toe dit grootliks lewendehawe debiteure was, was dit al hoog. Nou is handelsdebiteure ook hoog en dit is 'n duidelike aanduiding van rooi ligte in die landbou-besigheid. Voorraadverliese is eweneens baie hoog; veral ook gesien in die lig daarvan dat dit een van die kriteria is van

for the year ended 31 July 2003

Stock losses were the cause of most of the disciplinary hearings that were held. The number of hearings and the extent of losses are disturbing and indicate a lack of commitment and loyalty towards Agra by the staff involved. Just as disturbing is the legal costs incurred by Agra to defend the results of disciplinary hearings in Magistrate's Courts.

The SC is satisfied that the board of directors functioned well during the year under review. The board of directors must continue functioning the coming year without three directors, all of whom had very good experience. The SC supports the idea to co-opt directors, especially in respect of financial and legal expertise. The attempt to identify potential directors amongst members was not successful. This leaves a question mark in respect of members' commitment towards and ownership of AGRA. This also places an additional responsibility on every director - to lead by example in respect of commitment and ownership.

The SC would like to express its thanks and appreciation towards management and staff for their continued commitment and effectiveness. This is substantiated by the fact that a profit was recorded despite the unfavourable economic conditions.

**In the harsh country in which we live and which we love so much, we have become accustomed to setbacks and bad years. We must manage this situation correctly to the best of our ability. There are certain circumstances which we cannot control, but there are also matters where we have to think differently and have to shift paradigms. We must value our own abilities and knowledge, utilising it to the maximum. Let us focus next year on the challenges that exist currently.**

---

J H NIEUWOUDT

VOORSITTER: TOESIGHOUDEnde KOMITEE

CHAIRMAN: SUPERVISORY COMMITTEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

Voorraadverliese was ook die oorsaak van die meeste dissiplinêre verhore wat gehou moes word. Die getal verhore en die omvang van verliese is verontrustend en dui op 'n gebrek aan verbondenheid en lojaliteit van die betrokke personeel teenoor AGRA. Net so verontrustend is die reghoofte wat deur AGRA aangegaan moet word om die gevolge van dissiplinêre verhore agterna in 'n magistraatshof te gaan verdedig.

Die TK is tevrede dat die direksie in die jaar onder oorsig goed gefunksioneer het. Die direksie moet egter in die volgende jaar die mas opkom sonder drie direkteure wat almal goeie ondervinding gehad het. Die TK ondersteun die gedagte om veral ten opsigte van finansiële- en reghoofte direkteure te koöpteer. Die poging om potensiële direkteure onder lede te identifiseer was nie baie geslaagd nie. Dit laat 'n vraagteken oor lede se beleving van hul verbondenheid en eienaarskap van AGRA. Dit plaas ook 'n bykomende verantwoordelikheid op elke direkteur - om ten opsigte van verbondenheid en eienaarskap te lei deur voorbeeld.

Die TK wil graag dank en waardering uitspreek teenoor bestuur en personeel vir voortgesette toegewydheid en effektiwiteit. Getuienis daarvan is dat daar ten spyte van die swak ekonomiese omstandighede nog steeds met 'n wins afgesluit kon word.

**In die harde land waarin ons woon en waarvoor ons so lief is, het ons al gewoon geraak aan terugslae en swak jare. Ons moet hierdie situasie reg bestuur na die beste van ons vermoë. Daar is wel omstandighede wat buite ons beheer is, maar daar is sake waarvoor ons dalk anders moet begin dink en paradigmas verskuif. Ons moet ons eie vermoëns en kennis na waarde skat en dit maksimaal ontgin. Laat ons in die volgende jaar fokus op die geleentheid wat in ons verleentheid bestaan.**

Considering past and current circumstances AGRA's profit of N\$4 million is satisfactory. Despite difficult circumstances AGRA still delivered services throughout Namibia – more details are available in the CEO's report.

During the year continuous streamlining took place at AGRA as far as systems and other aspects are concerned. As far as the supply of inventory is concerned, we still do not have a final answer, but expect to have one soon. Thank you very much to management and staff for your input in 2002/2003.

If the business environment circumstances do not change substantially, it may lead to the closure of certain branches. We expect to compensate for that by means of a higher level of service. Ten (10) branches are responsible for 97% of AGRA's profit, 14 branches are responsible for only 3% of the profit. It does not make sense. Ways and means should be found to deal with certain situations, but not at any price.

Sustained focus on effective and profitable branches is now the highest priority. A warm welcome to Arnold Klein who will in future, as General Manager Trade, be responsible for this department.

Thank you very much to my co-directors and members of the Supervisory Committee for services rendered and supporting AGRA and myself. Three directors retired during the year under review. My sincere appreciation to every one of them, being Mr Jan Engelbrecht, the vice-chairman, Mr Jan Oberholzer, our secretary and Mr Jan Visagie, director for the southern region, for your unselfish and valuable inputs.

AGRA as a Namibian organisation for Namibian farmers once again carried out its social responsibility by means of sponsorships, bursaries and information sessions, etc.

Gesien teen die agtergrond van die afgelope en huidige omstandighede, is die winsprestasie van AGRA met N\$4 miljoen bevredigend. Ten spyte van moeilike omstandighede het AGRA steeds diens gelewer oor die lengte en breedte van Namibië - meer detail hieroor in die HUB se verslag.

Daar is verder geskaaf aan AGRA in die afgelope jaar, wat stelsels en dies meer betref. Ten opsigte van voorraad voorsiening is ons nog nie by die finale antwoord nie, maar hoop ons om dit binnekort te hê. Baie dankie aan bestuur en personeel vir u insette in 2002/2003.

Indien die besigheidsomgewing nie drasties verbeter nie, sal dit lei tot die sluiting van sekere takke. Ons hoop om met 'n verhoogde vlak van diens daarvoor te vergoed. Tien (10) takke lewer 97% van AGRA se wins, 14 takke lewer slegs 3% van die wins. Dit maak geen sin nie. Daar sal weë gevind moet word om bepaalde situasies te ondervang, maar dit ook nie teen enige prys nie.

Volgehoue fokus op effektiewe en winsgewende takke is nou die hoogste prioriteit. Baie welkom ook aan Arnold Klein wie in die toekoms as Hoofbestuurder Handel sal diens doen in hierdie afdeling.

Baie dankie aan mede direkteure en lede van die toesighoudende komitee, vir diens gelewer en ondersteuning aan AGRA en aan my. Drie direkteure het in die jaar onder oorsig die tuig neergelê. My opregte dank aan elkeen van hulle te wete, Mnr Jan Engelbrecht die onder-voorsitter, Mnr Jan Oberholzer ons sekretaris en Mnr Jan Visagie, direkteur vir suide streek, vir u onbaatsugtige diens en waardevolle insette.

AGRA as organisasie uit Namibië en vir die boere van Namibië het weereens bydraes gelewer as draer van sosiale verantwoordelikheid deur middel van borgskappe, studiebeurse en voorligtingsaksies ens.

## REPORT OF THE CHAIRMAN

for the year ended 31 July 2003

---

There will most certainly be major changes at AGRA during the coming year. Let us all take our membership more seriously and get involved with our own organisation by means of our support and by giving constructive advice and criticism, thereby improving our organisation.

---

JW CHAPMAN  
CHAIRMAN  
VOORSITTER

## VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

---

Daar sal gewis in die jaar wat voorlê groot verandering by AGRA plaasvind. Kom ons neem elkeen ons lidmaatskap meer ernstig op en raak betrokke by ons eie organisasie deur ons ondersteuning en ook opbouende raad en kritiek tot verbetering van ons eie organisasie.

## OVERVIEW

The major influences on the agricultural sector of our economy for the year under review were:

- the strengthening of the Rand/NS against all other major currencies
- the erratic rainfall resulting in drought conditions in large parts of our country
- much lower livestock/meat prices during the second half of our financial year
- the ever increasing cost of farming inputs
- the uncertainty surrounding the future land reform policy of the Namibian Government.

The major internal influences on Agra were:

- lower gross profit margins due to our members' financial situation and increased competition
- increased cost of services like telephone, bank charges, municipal charges and transport costs
- increased stock losses due to theft and stock shortages
- increase in the incidence of bad debts having to be written off.

Unfortunately all of the above key influences had a negative impact on the industry and thereby on Agra as a co-operative as well.

We are nevertheless proud to report a net operating surplus of N\$4,0 million (2002: N\$5,9 million) for the co-operative and N\$4,1 million (2002:N\$5,6 million) for the group for the year ended 31 July 2003.

An analysis of the results follows hereunder:

## OORSIG

Die belangrikste invloede op die landbousektor in ons ekonomie vir die jaar onder oorsig was:

- die versterking van die Rand/N\$ teenoor ander geldeenhede
- die onvoorspelbare reënpatrone wat droogte in groot dele van ons land veroorsaak het
- laer lewendehawe/vleispryse gedurende die tweede helfte van ons finansiële jaar
- die aanhoudende kostestyging van boerdery-insette
- die onsekerheid oor die toekomstige grondhervormingsbeleid van die Namibiese regering.

Die grootste interne invloede op Agra was:

- laër bruto wins marges weens ons lede se finansiële situasie en groeiende kompetisie
- verhoogde telefoonkoste, bankkoste, munisipale koste en vervoerkoste
- verhoogde voorraadverliese weens diefstal en voorraadtekorte
- verhoogde slegte skuld afskrywings.

Ongelukkig het bogenoemde invloede 'n negatiewe impak op die industrie en gevolglik ook op Agra as koöperasie gehad.

Nogtans is ons trots om 'n netto bedryfsurplus van N\$4,0 miljoen (2002:N\$5,9m) vir die koöperasie en N\$ 4,1 miljoen (2002:N\$5,6m) vir die groep vir die jaar geëindig 31 Julie 2003 te rapporteer.

'n Ontleding van die resultate volg hieronder:

for the year ended 31 July 2003

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

1. LIVESTOCK

Gross value of livestock transactions for the year under review (excluding karakul pelts and wool) amounted to N\$413 million compared to N\$437 million in 2002. This represents decrease of 5%. Net turnover achieved in this category totaled N\$18,0 million compared to N\$19,0 million in 2002, a decrease of 5%.

This decrease in turnover is attributed to two factors:

- number of heads marketed during the year
- |        | <u>2003</u> | <u>2002</u> | <u>%change</u> |  |
|--------|-------------|-------------|----------------|--|
| cattle | 139,870     | 148,615     | (5,9 %)        |  |
| sheep  | 264,191     | 312,074     | (15 %)         |  |
| goats  | 114,341     | 127,398     | (10 %)         |  |
- relatively high prices per unit achieved during the first half of the financial year compared with much lower prices (up to 40% decrease) achieved during the latter part of the year due to the dramatic strengthening of the SA Rand against the USD.

1.1. KARAKUL

Pelt quantities sold at the two auctions in Copenhagen during December 2002 and June 2003 amounted to 127 981 which reflects an increase of 13,6% compared to the 112 652 skins sold during the year ending July 2002. Prices of pelts decreased from an average of N\$209,13 in the previous financial period to N\$148,15 for the year under review, a decrease of 29,2%.

The Agra Pelt Centre was once again not in a position to break even and showed a loss of N\$24 000 (2002:N\$90 000). This is largely as a result of lower than expected income generated in both wool commission and pelt sorting fees received as well as an increase in stationery and computer costs.

There was however an encouraging reduction in the deficit of N\$66 000 compared to 2002.

1. LEWENDE HAWE

Die bruto waarde van lewende hawe transaksies vir die jaar onder oorsig (uitsluitend karakoelpelse en wol) was N\$413 miljoen teenoor N\$437 miljoen in 2002. Dit verteenwoordig 'n daling van 5%. Netto omset behaal in hierdie kategorie het N\$18,0 miljoen beloop teenoor N\$19,0 miljoen in 2002, 'n daling van 5%.

Hierdie daling in omset word toegeskryf aan twee faktore:

- die hoeveelheid diere wat gedurende die jaar verkoop is
- |        | <u>2003</u> | <u>2002</u> | <u>%change</u> |  |
|--------|-------------|-------------|----------------|--|
| beeste | 139,870     | 148,615     | (5,9 %)        |  |
| skape  | 264,191     | 312,074     | (15 %)         |  |
| bokke  | 114,341     | 127,398     | (10 %)         |  |
- relatiewe hoë eenheidspryse wat behaal is gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar, in vergelyking met baie laer pryse (tot 40% daling) vir die tweede helfte van die jaar weens die dramatiese versterking van die SA Rand teenoor die VSD.

1.1. KARAKOEL

By die twee veilings wat in Copenhagen gedurende Desember 2002 en Junie 2003 gehou is, is daar 127 981 pelse verkoop. Dit verteenwoordig 'n 13,6% verbetering in vergelyking met die 112 652 pelse wat gedurende die jaar geëindig Julie 2002 verkoop was. Die pelspryse het verminder van 'n gemiddeld van N\$ 209,13 vir die vorige finansiële jaar tot N\$ 148,15 vir die jaar onder oorsig, 'n daling van 29,2%.

Die Agra Pelssentrum kon weereens nie gelykbreek nie en het weereens 'n verlies van N\$ 24 000 (2002:N\$ 90 000) getoon. Hierdie is hoofsaaklik veroorsaak deur die laer inkomste wat gegenereer is in wolkommissie en pelssorteringsfooie, sowel as 'n verhoging in skryfbehoeftes en rekenaarskoste.

Daar was nogtans 'n bemoedigende daling in die verlies van N\$66 000 in vergelyking met 2002.

1.2. OVERALL LIVESTOCK DIVISION

Net profit figures decreased from a net surplus of N\$6,7 million in 2002 to a figure of N\$3,0 million this year, mainly as a result of:

lower turnover generated (see 1. above)  
increase in cost of 8% compared to 2002  
financing cost charged for the first time this year to this division  
resulting from outstanding livestock debtors accounts.

2. RETAIL/WHOLESALE DIVISION

Total Retail/Wholesale Division turnover amounted to N\$343 million for the current year compared to N\$290 million in 2002. This represents a growth of 18,3%.

2.1. RETAIL AGRA BRANCHES

Although competition remained fierce, branch turnover increased by 20,04% compared to last year, also because of high volumes of stockfeed sold as a result of the drought conditions in most of our country.

Gross margins were however once again under pressure especially in the fuel and stockfeed department, which together account for 41% of the total branch turnover.

Substantially higher stock levels resulted in financing cost increasing by 54% and stock losses by 23% compared to last year.

Nevertheless a net surplus, before Head Office costs, of N\$5,9 million was achieved compared to N\$7,8 million in 2002.

1.2. ALGEHELE LEWENDE HAWE AFDELING

Netto wins syfers het verlaag met 'n netto surplus van N\$6,7 miljoen in 2002 teenoor N\$3,0 miljoen vir die huidige jaar hoofsaaklik as gevolg van:

laer omsette (sien 1. bo)  
verhoging in kostes van 8% in vergelyking met 2002  
finansieringskoste wat vir die eerste keer hierdie jaar betaal is deur die afdeling as gevolg van die uitstaande lewende hawe debiteure rekeninge.

2. HANDEL/GROOTHANDEL AFDELING

Die totale Klein/Groothandel afdeling se omset was N\$ 343 miljoen vir die huidige jaar teenoor N\$290 miljoen vir 2002. Dit verteenwoordig 'n groei van 18,3%.

2.1. AGRA KLEINHANDEL TAKKE

Ten spyte van strawwe kompetisie, het die omset van die takke verbeter met 20,04% teenoor die vorige jaar, ook as gevolg van die hoër volumes veevoer wat verkoop is weens die droogte situasie in die grootste gedeeltes van ons land.

Bruto wins marges was weereens onder druk, veral in die brandstof en veevoer afdelings wat altesaam 41% van die totale omset van die takke was.

Wesenlike hoër voorraadvlakke het gelei tot stygings van 54% in finansieringskoste en 23% in voorraadverliese in vergelyking met die vorige jaar.

Nietemin is 'n netto surplus, voor Hoofkantoor kostes van N\$5,9 miljoen behaal teenoor N\$7,8 miljoen van 2002.

for the year ended 31 July 2003

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

2.2. WHOLESALE DIVISION

This division comprises the Agra Distribution Depot. Turnover remained stable at N\$35 million for the year while extraordinary costs were incurred through a very high stockholding from January 2003 to July 2003 resulting in an increase in financing costs of 50% compared to 2002.

The net surplus of N\$895 000 is 34% lower than in 2002.

2.3. SAFARIDEN

Turnover increased by 12% and cost decreased by 11% compared to last year, with the net surplus showing an improvement of N\$341 000 compared to 2002.

2.4. PROPERTIES

Rent received increased by 6% compared to last year to N\$9,8 million and with effective cost control the net surplus increased to N\$3,3 million from N\$2,2 million in 2002.

3. SUBSIDIARIES AND OTHER INVESTMENTS3.1. WIRE INDUSTRIES (PTY) LTD / STAR PLASTICS (PTY) LTD

Both companies in which Agra holds 100% of the share capital performed to expectation with a much improved result compared to 2002.

2.2. GROOTHANDEL

Die afdeling bestaan uit die Agra Distribusiesentrum. Omset het stabiel gebly op N\$35 miljoen vir die jaar terwyl buitengewone kostes aangegaan is om die hoër voorraadvlakke van Januarie 2003 tot Julie 2003 te finansier. Finansieringskoste het dus met 50% gestyg teenoor die van 2002.

Die netto surplus van N\$ 895 000 is 34% laer as in 2002.

2.3. SAFARIDEN

Omset het met 12% verhoog, terwyl kostes met 11% verminder het teenoor die vorige jaar, met die netto surplus wat 'n verbetering van N\$341 000 teenoor 2002 getoon het.

2.4. EIENDOMME

Huurinkomste het gestyg met 6% in vergelyking met verlede jaar tot N\$9,8 miljoen en met die effektiewe kostebeheer het die netto surplus verbeter na N\$3,3 miljoen teenoor N\$2,2 miljoen in 2002.

3. FILIALE EN ANDER BELEGGINGS3.1. WIRE INDUSTRIES (EDMS) BPK / STAR PLASTICS (EDMS) BPK

Albei maatskappye waarin Agra 100% van die aandele besit, het volgens verwagting presteer, met baie verbeterde resultate in vergelyking met 2002.



for the year ended 31 July 2003

vir die jaar geëindig 31 Julie 2003

Other Income: Other income increased by 14% for the Group and 22% for the Co-operative, compared to 2002, mainly as a result of interest received from debtors which increased by N\$616 000 for the Company and N\$604 000 for the Group, as well as an increase in livestock commission received of N\$458 000 for both the Co-operative and the Group.

Other Income: Ander inkomste het in vergelyking met 2002 gestyg met 14% vir die Groep en 22% vir die Koöperasie, hoofsaaklik as gevolg van rente inkomste op debiteure wat verhoog het met N\$616 000 in die Koöperasie en N\$ 604 000 in die Groep, sowel as 'n verhoging in lewende hawe kommissie van N\$458 000 vir beide die koöperasie en die Groep.

Major Cost Categories performed as follows compared to the preceding year:

Die belangrikste kostekategorieë het as volg vertoon teenoor die vorige jaar:

Stock Costs: As mentioned previously, the incidence of theft and stock losses increased again during the year under review. Although more controls and systems to minimise stock losses have been implemented, it has become very difficult to contain this cost item to acceptable levels. Current stock shortages represents 0,68% of total turnover. Agra's target is 0,5% of total turnover.

Voorraadkoste: Soos voorheen bespreek, was daar 'n verhoging in diefstal en voorraadtekorte. Alhoewel beter kontroles reeds geïmplementeer is, raak dit al hoe moeiliker om hierdie koste- item tot 'n aanvaarbare vlak te laat daal. Huidige voorraadtekorte verteenwoordig 0,68% van omset, terwyl Agra se doelwit 0,5% van omset is.

Interest Paid: This item increased by 33% for the Group and by 19% for the Co-operative as a result of higher working capital requirements and capital expenditure paid for with own funds.

Rente betaal: Hierdie item het gestyg met 33% vir die Groep en 19% vir die Koöperasie weens hoër bedryfskapitaalbehoefte sowel as kapitaaluitgawes wat met eie fondse betaal is.

Staff Costs: Total Personnel Costs, increased by 7% for the Group and by 8% for the Co-operative and is in line with the decrease in total net surplus achieved.

Personeelkoste: Totale personeelkoste het gestyg met 7% vir die Groep en met 8% vir die Koöperasie, wat in ooreenstemming is met die totale daling in netto surplus.

Balance Sheet Ratios: The debt to equity ratio currently stands at 49,31% (2002:55,2%) for the Group and at 48,84% (2002:55,12%) for the Co-operative. It is the intention of the Board and management of Agra to manage this ratio down to 40% over the next two years.

Balansstaatverhoudings: Die totale vreemde tot eie kapitaal verhouding is tans op 49,31% (2002:55,2%) vir die Groep en 48,84% (2002:55,12%) vir die Koöperasie. Die Raad en Bestuur van Agra is van voornemens om hierdie verhouding te bestuur tot 40% oor die volgende twee jaar.

The current assets to current liabilities Ratio has changed from 1,34:1 for the Co-operative in 2002 to 1:29:1 in 2003. Over the next five years this ratio should improve to 2:1.

Die bedryfsbates tot bedryfslaste verhouding het verander van 1,34:1 vir die Koöperasie in 2002 na 1,29:1 in 2003. Oor die volgende vyf jaar behoort hierdie verhouding te verbeter na 2:1.

## 5. TAXATION

The net surplus of the Group, after a N\$3 million distribution to members has been deducted, amounts to N\$1,09 million. A tax credit of N\$0,17 million for the Group resulted in the net surplus after taxation being adjusted to N\$1,2 million for the Group in 2003.

## 5. BELASTING

Die netto surplus van die Groep na die N\$3 miljoen toedeling aan lede is bereken op N\$1,09 miljoen. 'n Belastingkrediet van N\$0,17 miljoen vir die Groep het gelei tot 'n netto surplus na belasting van N\$1,2 miljoen vir die Groep in 2003.

**6. FUTURE OUTLOOK**

There still seems to be definite tendency in the commercial farming community to keep new investments into farming infrastructure to a minimum.

The current drought conditions in most of our country, coupled with the lower Livestock prices as a result of the strong South African currency will negatively affect Agra's main markets. Lowering of the interest rates forecast for the next twelve months should however increase the consumer's disposable income as well as reduce the interest burden of Agra as a whole.

We are therefore forecasting substantially the same results for the year ahead.

**7. BUDGETS FOR THE YEAR ENDING 31 JULY 2004****7.1 CAPITAL EXPENDITURE BUDGET**

In line with a drop in expected earnings the capital expenditure budget has been drawn up in such a way that only capital items absolutely necessary for the continued operation of Agra have been budgeted for the year 2003/2004.

The structural upgrading of certain branches plus the investment in operating equipment at the branches and continued upgrading of our Information Technology Systems comprise the bulk of the Capital Expenditure Budget for 2003/2004 as follows:

	2003/2004	2002/2003	
		N\$ million	N\$ million
Upgrading and development of Fixed Property		1,85	6,84
Information Technology			0,59 1,43
Commercial Vehicles			0,35 0,36
Furniture and Fittings	0,02	0,05	
Operational Assets		<u>0,17</u>	<u>0,25</u>
Total		<u>2,98</u>	<u>8,93</u>

**6. TOEKOMSTIGE VERWAGTINGE**

Daar is 'n definitiewe tendens in die kommersiële boerdery gemeenskap om nuwe beleggings in boerdery infrastruktuur tot 'n minimum te beperk.

Die huidige droogte situasie in die grootste gedeelte van ons land, tesame met die laer lewende hawe pryse weens die sterk Suid Afrikaanse geldeenheid, sal 'n negatiewe impak op Agra se grootste markte hê. Die verwagte daling van rentekoerse in die volgende twaalf maande sal verbruikers se besteebare inkomste verhoog en die rentelas op Agra verminder.

Ons voorspel dus dat die volgende jaar se resultate dieselfde sal wees as die huidige jaar.

**7. BEGROTINGS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 JULIE 2004****7.1 KAPITALE SPANDERINGS BEGROTING**

Die kapitale spanderings begroting is opgestel om in lyn te wees met die verwagte daling van wins en daarom is slegs die nodigste items ingesluit in die 2003/2004 begroting.

Die nuwe kapitale spanderings begroting vir 2003/2004 bestaan hoofsaaklik uit die strukturele opgradering van sekere takke, die belegging in bedryfstoeusting by die takke sowel as die voortdurende opgradering van die inligtingtegnologiesestelsel en is as volg:

	2003/2004	2002/2003	
		N\$ miljoen	N\$ miljoen
Opgradering en ontwikkeling van vaste eiendom		1,85	6,84
Inligtingstechnologie		0,59	1,43
Handelsvoertuie		0,35	0,36
Meubels en toerusting	0,02	0,05	
Operasionele bates		<u>0,17</u>	<u>0,25</u>
Totaal		<u>2,98</u>	<u>8,93</u>

7.2 OPERATIONAL BUDGET

The proposed operational budget for the year 2003/2004 can be summarised as follows:

	<u>N\$ million</u>
Gross value of livestock transactions	430,197
Trade division	309,888
Wholesale division	36,817
Safari Den	8,482
Property Division	<u>10,941</u>
<b>Total turnover</b>	<b>796,325</b>
Cost of sales	<u>(719,099)</u>
<b>Gross profit</b>	<b>77,226</b>
Other income	<u>8,949</u>
<b>Gross income</b>	<b>86,175</b>
Less:	
Inventory Costs	(2,328)
Marketing Costs	(4,125)
Building Costs	(8,808)
Transport Costs	(7,250)
Personnel Costs	(41,890)
Directors Costs	(0,550)
Administration Costs	<u>(11,544)</u>
<b>Surplus before finance charges</b>	9,680
Finance charges	<u>(5,043)</u>
<b>Net surplus before tax</b>	<b><u>4,637</u></b>

7.2 OPERASIONELE BEGROTING

Die voorgestelde operasionele begroting vir die jaar 2003 / 2004 kan opgesom word as volg:

	<u>N\$ miljoen</u>
Bruto waarde van lewende hawe transaksies	430,197
Handelsafdeling	309,888
Groothandelafdeling	36,817
Safari Den	8,482
Eiendomsafdeling	<u>10,941</u>
<b>Totale omset</b>	<b>796,325</b>
Koste van verkope	<u>(719,099)</u>
<b>Bruto wins</b>	<b>77,226</b>
Ander inkomste	<u>8,949</u>
<b>Bruto inkomste</b>	<b>86,175</b>
Min:	
Voorraadkoste	(2,328)
Bemarkingskoste	(4,125)
Gebou-koste/huurinkomste	(8,808)
Vervoerkoste	(7,250)
Personeelkoste	(41,890)
Direkteurskoste	(0,550)
Administratiewe koste	<u>(11,544)</u>
<b>Surplus voor finansieringskoste</b>	9,680
Finansieringskoste	<u>(5,043)</u>
<b>Netto surplus voor belasting</b>	<b><u>4,637</u></b>

8. CONCLUSION

A year of increased turnover, but lower gross margins in the retail division as well as a lower than expected livestock turnover lies behind us.

Although the budgeted net surplus has been achieved, Agra needs to continue to focus on customer service and communication, optimal stock holding and improved cost control. It is also necessary to re-evaluate our strategy regarding the provision of a full range of services to the smaller branches and to find solutions together with our members regarding the financial sustainability of such branches.

Good progress was made with Agra's Technology Information Systems, which will result amongst others in the re-introduction of a one price system for all our products. This will improve transparency of Agra's pricing policy as well as ensure better gross margin management.

The year ahead will once again be a test for all of us at Agra to adapt to new market conditions and to ensure that we understand and serve the changing needs of our customers.

To my board of Directors: We need your support, advice and guidance in the year ahead in order to ensure that Agra continues to fulfill its purpose of creating wealth for its members.

A big thank you to all Agra's loyal members, especially to those who take an active part in improving our service by offering constructive criticism, advice and positive dialogue.

Nothing can ever be achieved without people. I would like to thank all our staff for the dedication and hard work during the year. As a team we will have to adapt to more changes in the year ahead, but with everybody's support and commitment, I am convinced that we will achieve our targets.

---

P M KAZMAIER

CHIEF EXECUTIVE OFFICER

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

REPORT OF THE INDEPENDENT AUDITORS

8. SLOT

'n Jaar van verhoogde omset, maar laer bruto marges in die kleinhandel- afdeling en 'n laer as verwagte lewende hawe omset, lê agter ons.

Alhoewel die begrote netto surplus behaal was, moet Agra volhou om op kliëntediens en kommunikasie, optimale voorraadhouing en verbeterde voorraadkontrolle te fokus. Dit is nodig om ons strategie ten opsigte van die voorsiening van 'n volle reeks dienste by die takke te herbeoordeel, sowel as om tesame met ons lede die finansiële volhoubaarheid van alle takke te evalueer.

Goeie vordering is gemaak met Agra se inligtingstegnologiesestelsel wat onder meer sal lei tot die herinstelling van 'n een-prys stelsel vir al ons produkte. Dit sal Agra se beleid van pryse meer deursigtig maak en beter bruto marges verseker.

Die jaar wat voorlê sal weereens vir almal by Agra 'n toets wees om by nuwe markomstandighede aan te pas en om te verseker dat ons ons kliente se verandering van behoeftes verstaan en aanspreek.

Aan die Raad van Direkteure: Ons het julle ondersteuning, advies en leiding in die jaar wat voorlê nodig om te verseker dat Agra sal voortgaan om welvaart vir ons lede te skep.

Baie dankie aan al Agra se lojale lede, veral die wat aktief betrokke was in die verbetering van ons dienste deur opbouende kritiek, advies en positiewe dialoog te lewer.

